Maart - April 2026

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 26, No. 2 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2025 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Is daar 'n dier in u toekoms?

Predikers en profetiese entoesiaste probeer dikwels om dit wat hulle op die wêreldtoneel sien, in Bybelprofesieë in te pas. Sommige mense verklaar dat Iran die "koning van die Suide" is wat in Daniël 11 genoem word. Terwyl die land egter beslis 'n leier van onrus in die Midde-Ooste was, voldoen dit skaars aan die Bybelse kriteria. Ons by *Die Wêreld van Môre* wys herhaaldelik daarop dat Iran *nie* suid van Jerusalem geleë is nie – die punt vanwaar die Bybel rigting en ligging bepaal.

Dit is net so maklik om China te beskou as 'n opkomende supermoondheid wat die Verenigde State sal vervang, maar Bybelprofesie waarsku teen 'n groter bedreiging vir die Amerikaners en nasies van Britse afkoms. Mediakenners, geopolitieke dinkskrums en die man op straat sien net wat die jongste nuus is, maar Bybelprofesieë waarsku teen naderende onrus uit Europa – spesifiek 'n federasie van nasies wat deur Duitsland gelei word.

**Kyk na die Bron**

Dit het alles begin met die eertydse koning Nebukadnésar, wat 'n duidelike droom gehad het van 'n reuse beeld van 'n man. Die kop van die beeld was van fyn goud, sy bors en arms was van silwer, sy maag en dye van koper, sy bene was van yster en sy voete was 'n mengsel van yster en klei. Die koning is meegedeel dat dit vier koninkryke voorstel wat tot stand sou kom. Sy koninkryk – die Chaldese of Babiloniese ryk – was die kop van goud. Ná sy koninkryk sou nog drie koninkryke tot stand kom en die vierde een sou vervang word deur die heerskappy van die Koninkryk van God op aarde (Daniël 2:31-45).

Daniël 7 beskryf dieselfde vier koninkryke as vier wilde diere en die vierde koninkryk sal voortbestaan, in een of ander vorm, tot God se ingryping aan die einde van die tyd. Ná Nebukadnésar se Chaldese ryk sou die Medo-Persiese, Grieks-Masedoniese en Romeinse ryke volg. Soos aangedui in Daniël 2 en 7, sou die vierde ryk, naamlik Rome, voortduur totdat die Koninkryk van God opgerig is – daar word egter algemeen saamgestem dat Imperiale Rome in 27 v.C. begin het en tot 476 n.C. geduur het. Het profesie 'n fout gemaak? Glad nie!

Teen die tyd dat Johannes die boek Openbaring in die laaste dekade van die eerste eeu n.C. aangeteken het, het die eerste drie van hierdie geprofeteerde vier koninkryke gekom en gegaan, die enigste een wat oorgebly het, was Rome wat uitgebeeld was as 'n dier met sewe koppe, 'n samestelling van die oorspronklike vier diere van Daniël 7 en Openbaring 13:1-5. Ons verneem dan dat een van hierdie saamgestelde dier se koppe 'n dodelike wond gehad het wat sou genees en dat dit vir 42 maande sou voortduur.

Let daarop dat die Skrif gewoonlik die "dag vir 'n jaar"-beginsel gebruik (Jesaja 34:8; Eségiël

4:6). Indien 'n Bybelse profetiese maand van 30 dae in ag geneem word, bring 42 maande ons by 1,260 dae of jare. Die geskiedenis bevestig dat Justinianus die Romeinse Ryk in 554 n.C. herstel het (die dodelike wond is genees) en dat dit deur die eeue nog vier keer herleef het. Die vyfde herlewing was dié van keiser Napoleon, wie se bewind in 1814 omvergewerp is – presies 1,260 jaar vanaf Justinianus se herlewing in 554 n.C. en sodoende is die profesie vervul wat aan ons gegee is in Openbaring 13:3-5!

In Openbaring 17 word hierdie onderwerp weer aangeroer en ons verneem dat, ná Imperiale Rome, daar altesaam sewe herlewings sou wees. Die eerste herlewing was weereens onder Justinianus. Hierdie herlewings sou egter 'n merkbare verskil van dié van Keiserlike Rome toon; hulle sou deur 'n onsedelike vrou "beheer" word. "EN een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit ... En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings" (Openbaring 17:1, 3).

In die Skrif simboliseer 'n vrou dikwels 'n kerk (2 Korinthiërs 11:2; Efésiërs 5:31-33), maar hierdie een vervolg ware Christene en gee geboorte aan hoer dogterkerke (Openbaring 17:4-6).

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Is daar 'n dier in u toekoms?**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Die doel van die lewe** 3
*U bestaan het 'n baie groter doel as wat u u ooit kon voorstel. Dit word in die bladsye van die Bybel openbaar.*

**O Kanada!**

**Vertroue in die regering** 8
*Kanada se eerste minister is een van die laastes wat uitgetree het. Op wie kan ons staatmaak vir perfekte leierskap?*

**Manna uit die hemel** 11

**Die waarheid oor die Christelike Pasga** 14
*Dit is nodig dat u die ware betekenis van die Pasga en die lewensbelangrike verbintenis aan die lewens van Christene vandag, verstaan.*

**Ons Bybelse ou aarde** 15
*Ten spyte van wat baie mense aanneem, onderrig God se Woord nie dat planeet Aarde net 'n paar duisend jaar oud is nie.*

**Die gebedskontak** 18
*Wanneer dit reg gedoen word, bring gebed voordele wat alle verstand te bowe gaan.*

**Waarom Paasfees Paasfees genoem word** 20
*Wat het die Lam van God met 'n haas te doen?*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Wallace G. Smith
**Senior Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
PO Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6266
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
PO Box 465
London, ON N6P 1R1
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
PO Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
PO Box 8112,
Kettering, NN16 6YF
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die doel van die lewe

**Deur Gerald E Weston**

*U bestaan het 'n baie groter doel as wat u u ooit kon voorstel. Dit word in die bladsye van die Bybel openbaar.*

Wat is die doel van u lewe? Wéét u? Gee u selfs om? Hierdie laaste vraag – *Gee u selfs om?* – behoort ons tot nadenke te skok. Waarom sou iemand *nié* omgee nie?

Ons kom in hierdie lewe sonder enige kennis. Ons het op 'n dag onwillekeurig in die lewe opgedaag en vandag bevind ons onsself iewers, op een of ander ouderdom en stadium van die lewe, om te wees wie ons is. Een of ander tyd egter, dikwels in ons tienerjare of wanneer ons die einde van ons tyd op aarde nader, wonder ons: *Waaroor gaan dit alles?* Wat 'n raaisel!

Vra u uself ooit hierdie vraag af? Indien nie, wáárom nie?

Ongelukkig lyk dit of baie van ons nie vreeslik bekommerd is nie. Gebaseer op hoeveel mense reageer op die aanbiedings van ons publikasies, is daar meer mense wat belangstel in waarheen die *samelewing* op pad is as waarheen *hulle* self op pad is. Kan daar dan belangriker vrae wees as: *Wie is ek? Waarom is ek gebore? Wat is die doel van die lewe? Bestaan God en indien wel, wat is Sy plan vir my?*

Die antwoorde op hierdie vrae word in die bladsye van die Bybel gevind – maar, die antwoorde is *nie* wat die meeste belydende Christene dink *nie*. Nee, die doel van die lewe is *nie* om vir ewig in die hemel rond te sweef en af te tree nie. Liewe vriende, u doel is oneindig groter as dit!

Millennia lank het filosowe en teoloë oor die doel van die lewe bespiegel en gedebatteer – tog was die antwoord van die begin af beskikbaar. Daar word *nie* aan ons oorgelaat om met een of ander nuwe idee vorendag te kom met ons eie beperkte verstand wat ons persoonlike smaak pas nie.

### Evolusioniste het nie 'n antwoord nie

Diegene wat 'n evolusionêre oorsprong van lewe onderskryf – dus in hulle eie denke wegdoen met die behoefte aan God – het nie 'n antwoord nie. Watter groot doel kan daar wees vir 'n lewe wat beperk is tot die hiér en nóú? Selfs al leef u 'n duisend jaar lank en ontdek 'n geneesmiddel vir kanker, wat sal dit u op die ou end baat? Wanneer u sterf, indien daar geen God is nie, sal alle hoop, drome, herinnerings en tydelike belonings vir ewig in die niet verdwyn.

Professor Thaddeus Metz, wat filosowe se huidige teorieë oor die doel van die lewe opsom, sê vir ons: "Die afgelope tyd het daar egter 'n uiterste vorm van naturalisme ontstaan, waarvolgens ons lewens waarskynlik, indien nie onvermydelik nie, minder betekenis sou hê in 'n wêreld met God of 'n siel as in 'n wêreld daarsonder" *("The Meaning of Life," The Stanford Encyclopedia of Philosophy, Fall 2023*, uitgawe*)*.

God se bestaan sou hulle met ander woorde, van 'n sinvolle bestaan *ontneem*! Professor Metz verduidelik verskeie teorieë wat voorgehou word om tot hierdie belaglike gevolgtrekking te kom. Die eerste teorie maak aanspraak daarop dat God se bestaan ons in 'n meester/kneg of ouer/kind verhouding plaas, dus "ons onafhanklikheid of waardigheid as volwasse persone sou skend".

Anders gestel, ons sou nie meer ons eie baas kon wees nie. Ons sou aan 'n hoër mag moes verantwoording doen en ateïste sou gegrief wees oor so 'n idee. Professor Metz wys op 'n bykomende redenasie naamlik *God moenie vir my sê wat om te doen* nie: "Nog 'n opvallende argument is om te dink dat God afbreuk sou doen aan die betekenis van die lewe, wat verwys na die waarde van privaatheid … God se alwetendheid [Hy weet alles] sou dit vir ons geheel en al onmoontlik maak om … die mees intieme besonderhede oor onsself te beheer, wat vir sommige mense neerkom op 'n minder sinvolle lewe waar hulle minder beheer oor hulle lewe het".

Dan is daar diegene wat

teen die waarde van die ewige lewe self betoog. Die professor verduidelik soos volg, "Eerstens was daar die argument dat 'n onsterflike lewe onvermydelik vervelig sou raak ... deur die lewe as nutteloos te beskou volgens baie subjektiewe en objektiewe teorieë". Die filosowe se bepeinsings is soms breedvoerig, tegnies met tye en ook, wel, betekenisloos! Indien ons God en Sy openbarings aan ons ignoreer, kan daar geen sin in wees ná ons veels té kort tydelike bestaan nie.

Sommige mense is verbaas om te hoor dat een belangrike Joodse sekte gedurende Jesus Christus se tyd geglo het dat daar geen toekoms anderkant die graf is nie. Tydens Jesus se drie-en-'n-half-jaar bediening op aarde lees ons: "DIESELFDE dag kom daar na Hom Sadduseërs, hulle wat sê dat daar geen opstanding is nie, en vra Hom ..." (Matthéüs 22:23). Die apostel Paulus, wat voor die godsdienstige leiers van sy tyd moes verskyn, het byna 'n oproer oor hierdie onderwerp tussen die Fariseërs en Sadduseërs veroorsaak. "En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg ... Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie, ook geen engel of gees nie; maar die Fariseërs bely albei" (Handelinge 23:6, 8).

Sommige van die Christene in Korinthe is deur hierdie verkeerde idee beïnvloed. Paulus se eerste brief aan daardie gemeente bespreek die opstanding – en redeneer met perfekte logika oor die nutteloosheid van die lewe indien dit net vir die hiér en nóú is. "Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense" (1 Korinthiërs 15:16-19).

Wat betref die nutteloosheid van selfopoffering in 'n wêreld sonder God, beredeneer Paulus die idee en kom tot die uiteindelike gevolgtrekking: "As ek in Éfese op menslike wyse met wilde diere geveg het, watter voordeel was dit vir my? As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!" (1 Korinthiërs 15:32).

Voordat ons dus gaan sit om te eet, te drink en vir ewig te sterf, kom laat ons onsself die belangrike vraag vra wat Paulus hier aanspreek: Ís daar 'n opstanding uit die dood? Daar ís 'n opstanding of daar is nié een nie. Indien daar geen lewe na die dood is nie, word ons gelaat met geen blywende doel, geen hoop buiten die hiér en nóú nie. Wyle dr. Roderick C. Meredith het gevra:

> Is daar 'n grootse rede waarom u lewe? Kan u, ten spyte van u huidige situasie, vir uself 'n besondere, interessante en vervullende toekoms voorstel? Is u eenhonderd persent seker van toekomstige blydskap, vreugde en vrede? Of is u vasgevang in 'n gejaagde, teleurstellende lewe, met geen groter doel as wat die voëls, die diere of selfs die insekte het nie? (*U uiteindelike lotsbestemming*, bl. 1).

Hierdie is ernstige vrae vir ernstig denkende mense. Is u tevrede om deur hierdie lewe te gaan sonder om ooit te weet *waarom*? Sou u nie graag wou weet wat die doel van u bestaan is nie? Daar is 'n antwoord en dit is in die bladsye van u Bybel geopenbaar – wat die Bybel eintlik sê, in teenstelling met wat mense *dink* dit sê, is skokkend sowel as opwindend.

**'n Koning se soeke na betekenis**

Koning Salomo van ouds het na 'n doel in die lewe gesoek met wyn, vroue, sang en baie ander fisiese aktiwiteite en hy het tot die gevolgtrekking gekom dat nie een hiervan blywende geluk bring nie. Alles was ydelheid en 'n gejaag na die wind. Hy het verduidelik:

> "Daarom het ek in my hart gesê: Dieselfde wat die dwaas tref, sal my ook tref; waarvoor was ek dan so buitengewoon wys? En ek het in my hart gespreek dat dit ook tevergeefs is.

Want daar sal op die duur net so min gedagtenis wees van die wyse as van die dwaas, omdat in die dae wat kom, alles lankal vergeet is; en hoe sterf die wyse net soos die dwaas! Daarom het ek die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, het my mishaag, omdat alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind" (Prediker 2:15-17).

Ek en u kan nooit met Salomo meeding wanneer dit by wyn, vroue en sang kom nie, ook nie wanneer dit kom by roem of rykdom nie. Die meeste mense wat iets probeer vind wat hulle gedink het hulle gelukkig sou maak, het misluk. Dink aan die lewens van so baie beroemdes wat lyk asof hulle "alles het". Sommiges raak verslaaf aan dwelms, ander het die een mislukte huwelik na die ander. Keer op keer vind mense met 'n aantreklike voorkoms, roem, rykdom en alles waarvan die meeste mense net kan droom, dat niks hiervan die geluk verskaf waarna hulle soek nie. Dit beteken nie dat elke ryk persoon 'n mislukte huwelik het of dat alle beroemdes ongelukkig is nie – net dat geluk nie kom van tydelike plesier nie en dat sónder 'n God, wat 'n opstanding uit die dood beloof, enige iets wat ons in hierdie lewe doen, net tydelik is.

Hoe kan ons seker wees dat ons weer sal leef? Hoewel daar diegene is wat deur resussitasie bygebring word en dan aanspraak maak op "buiteliggaamlike"-ervarings, was daar slegs Een uit die dood opgewek na drie dae en drie nagte in die graf – dit was byna 2,000 jaar gelede. Hoe kan ons dan weet dat 'n man met die naam Jesus, wél uit die graf opgestaan het?

Paulus beantwoord daardie vraag in dieselfde "hoofstuk in verband met die opstanding" waarvan ons vroeër gelees het – hy noem die name van individue wat Jesus na Sy kruisiging gesien het en beweer dan: "Daarna het Hy verskyn aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap [gesterf] het" (1 Korinthiërs 15:6). Dit is geskryf minder as 25 jaar na die kruisiging, terwyl die meeste van daardie 500 mense nog geleef het. Watter geloofwaardigheid sou Paulus of dan sy brief hê, indien dit nie die waarheid was nie?

Geleerdes erken ook verdere bewyse. Volgens Johannes 7:5 het Jesus se eie halfbroers nie in Hom geglo voor die kruisiging nie, maar daarna het hulle dissipels geword. Jakobus het voortgegaan om die leier van die Jerusalem-gemeente te word en hy het die brief van Jakobus in u Bybel geskryf. Sy halfbroer Judas, het ook 'n gelowige geword en die brief "Judas"


# God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

geskryf.

Baie gelowiges het as martelaars gesterf vir 'n saak waarin hulle geglo het, maar hoeveel mense sou sterf vir 'n saak wat hulle geweet het 'n leuen is? Jesus se Apostels het geweet dat die opstanding waar is. In die geskiedenis word aangeteken dat van die Twaalf Apostels (met inbegrip van Mathias, wat Judas vervang het), net Johannes nie 'n marteldood gesterf het nie.

Die vraag bly nogtans: Indien God bestaan en daar ís lewe na die dood, wat *beteken* dit? Wat is God se doel vir my en u?

**Is ons bloot diere?**

Het u al ooit gewonder waarom mense soveel groter verstandelike vermoëns as diere het? Verskeie diere het groter breine, maar nie een kom naby die menslike vermoë om te redeneer, te dink, om te innoveer nie. Geen dier kan na die maan gaan en terugkeer nie. Geen dier kan 'n teleskoop, 'n televisie of 'n rekenaar bou nie. Ja, ek weet u hond is nogal ongelooflik, maar daar is 'n fundamentele verskil tussen die twee van u.

Wat veroorsaak daardie verskil? Hoe is dit moontlik dat die mensdom masjiene kan bou om hoër, vinniger en verder as enige dier te beweeg? Waarom kan ons dan, selfs met so 'n voortreflike intelligensie, nie met mekáár oor die weg kom nie? Waarom is daar egskeiding? Waarom is daar oorloë tussen nasies? Waarom bedrieg, besteel en tree mense gewelddadig op teenoor andere mense?

Ons begin ons soektog na die antwoord met die doel van lewe in die eerste hoofstuk van die Bybel. Hier vind ons dat God die mensdom baie anders gemaak het as enige ander skepsel:

> "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape" (Génesis 1:26-27).

Hoeveel mense het hierdie gedeelte al gelees sonder om na te dink oor wat dit beteken? Eenvoudige gestel, God het mense gemaak om nie na enige dier te aard nie, maar eerder om na *Hom* te aard. Ons is anders omdat ons na *God se* beeld en gelykenis geskape is. Lees dit self in u eie Bybel en dink na oor wat dit beteken.

God het ons geskape om soos Hy te wees, met 'n ongelooflike vermoë om te dink, te redeneer en om 'n menigte wonderlike dinge te doen. Waarom gedra ons ons dan nie op 'n goddelike wyse nie? Die Skrif verduidelik wat die ontbrekende element is, naamlik dat God die mens met 'n vrye wil geskape het en sodoende die vermoë gekry het om morele keuses te maak.

"En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad" (Génesis 2:9). Dan lees ons dat "die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (verse 16-17).

Die mensdom het die vermoë gekry om te kies tussen reg en verkeerd, tussen goed en kwaad. Dit is ook by 'n ander geleentheid vir die nasie Israel verduidelik: "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae" (Deuteronómium 30:19-20).

Meer as 55 jaar nadat ons mense na die maan gestuur het en hulle veilig teruggebring het, kan ons steeds nie met mekaar oor die weg kom nie. Daar is te veel mislukte huwelike; te veel moorde, verkragtings en aanrandings; te veel oorloë, wat die hoop en drome van miljoene mense kortknip.

Waarom is daar soveel lyding? Mense wonder waarom God wat almagtig is, nie die

gruweldade wat hier op aarde plaasvind keer nie. Wie van hierdie selfde mense is egter bereid om hulle geheel en al aan God se wil te onderwerp? God het 'n *rede* waarom Hy ons met 'n vrye wil geskape het.

**God se doel vir ons**

Die idee dat God die mens na Sy eie beeld geskape het, is werklik wonderbaar en hierdie tema word regdeur die Skrif gevind. Dawid het opgekyk na die naghemel en gewonder waarom God dan in die mensdom geïnteresseerd sou wees en vra: "... wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?" (Psalm 8:5). Die boek Hebreërs verduidelik hierdie vraag verder:

> "Alle dinge het U [dit is, God] onder sy [mensdom] voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie; maar ons sien Hom, *naamlik* Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak. Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak" (Hebreërs 2:8-10).

Die Bybel openbaar 'n plan en doel wat uitgewerk word en wat veel groter is as om in die hemel af te tree en vir ewig na die aangesig van God te staar. Waarom aanvaar mense dan nie wat die Bybel duidelik sê nie? Die apostel Paulus is baie duidelik oor ons toekoms. Hy verduidelik dat ons seuns van God en mede-erfgename met Christus sal wees. "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!" (Romeine 8:14-15). Neem nou kennis en dink ná oor wat hy volgende sê, dat die Gees van God "getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (vers 16).

Verstaan u dit? Ons behoort kinders van God te word. Soos dit verduidelik is in Génesis 1, is die mensdom nie na die beeld en gelykenis van enige soort dier geskape nie, maar na die beeld van God Self! Kan u glo wat die Bybel duidelik sê? Paulus het voortgegaan deur te skryf dat "as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word" (Romeine 8:17).

In vorige generasies het ons almal verstaan dat die terme *man* en *mensdom* beide mans sowel as vroue in hierdie konteks verteenwoordig het; maar indien enigiemand aanstoot neem deur daardie "mikro-aggressie", let op dat vroue nie uitgelaat word nie: "Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige" (2 Korinthiërs 6:18).

Hoe kan ons dan "erfgename van God en mede-erfgename van Christus" wees? Dink weer daaraan dat Romeine 8:17, *twee* geeste noem: God se Gees en "ons gees". Hierin vind ons die verskil tussen God se denke en óns denke. Menslik gesproke dink ons nie soos God dink nie (Jesaja 55:7-9).

Sonder God se inwonende Gees, alhoewel die mens intelligent is in materiële sake, ontbreek dit mense aan ware liefde en selfbeheersing. Sonder Sy Gees vertoon ons al die eienskappe van 'n vleeslike natuur wat deur Satan, die duiwel, beïnvloed word. "En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge" (Galásiërs

*Vervolg op bladsy 22*

O Kanada!

# Vertroue in die regering

Deur Michael Heykoop

**Kanadese leiers wat vir lang tydperke die amp van eerste minister beklee het,** tree selde op positiewe terme uit. Aangesien daar geen vasgestelde ampstermyn is nie tree hulle gewoonlik nie uit voordat hulle ongewild raak nie. Jean Chrétien het die amp tien jaar lank beklee voordat verdeeldheid binne sy eie Liberale Party veroorsaak het dat hy bedank het – eerder as om 'n amptelike uitdaging van sy status as partyleier in die gesig te staar. Stephen Harper het minder as vier maande oor gehad om 'n volle dekade die amp as eerste minister te beklee, maar hy het misluk in sy 2015-aanbod vir herverkiesing, aangesien sy Konserwatiewe Party byna 38 persent van die parlementêre setels verloor het wat hulle voorheen gehad het.

Wat veroorsaak dat voorheen gewilde leiers die steun verloor van kiesers wat beloof het om hulle leiers te dien?

Op Maandagoggend 6 Januarie 2025, het premier Justin Trudeau na 'n klein podium voor sy Rideau Cottage-woning in Ottawa gestap om 'n toespraak te lewer waarin hy bevestig het dat hy sou bedank uit die amp van premier asook as die leier van die Liberale Party sodra 'n plaasvervanger gevind kon word.

Justin Trudeau se eerste termyn as premier het in 2015 begin toe sy Liberale Party 'n meerderheidstem in die Laerhuis gewen het. Trudeau het toe die leier in die minderheidsregerings na die 2019 en 2021 verkiesings gelei. Hy was in staat om die uitdagings van minderheidsleierskap te bestuur waartydens mosies van wantroue dikwels die regering met ontbinding gedreig het deur ooreenkomste met die Nuwe Demokratiese Party (NDP) te sluit. Trudeau sou verskeie NDP-inisiatiewe ondersteun en in ruil daarvoor sou die NDP sy regering ondersteun wanneer dit ookal 'n wantrouestem in die Parlement in die gesig sou staar.

### Verlies aan selfvertroue

Dit het egter nie lank gehou nie. Soos wat die steun vir die liberale regering in die verkiesings gedaal het, het sy eie party se parlementslede openlik begin twyfel aan Trudeau se vermoë om die party sowel as die land te lei. Op 'n koukusvergadering in Oktober 2024 ná die verlies van setels in Montreal en Toronto, het 24 parlementslede 'n brief onderteken waarin hulle versoek het dat Trudeau bedank.

Ná die November 2024-verkiesing van Donald Trump van die Verenigde State, het die vooruitsig van verhoogde tariewe die toestand van Kanada se ekonomie weer op die voorgrond geplaas. Die regering se 2024 Federale Ekonomiese Verklaring het beloof om 'n punt van twis en intrige te wees. Dit was beloof dat die geprojekteerde tekort nie $40 miljard sou oorskry nie. Slegs 'n paar uur voor die vrystelling van die verklaring op 16 Desember, het die Minister van Finansies en Liberale Parlementslid, Chrystia Freeland, bedank en 'n brief gepubliseer waarin belangwekkende kommer oor Trudeau se hantering van besteding uiteengesit word en sommige uitgawes beskryf is as "foefies" wat bedoel was om steun van kiesers te koop ter voorbereiding vir nog 'n verkiesing.

Freeland se bedanking, tesame met die bekendmaking dat die tekort die beloofde $40-miljard-limiet oorskry het – wat 'n enorme $61,9 miljard bereik het – het gelei tot hernude oproepe vir bedanking. Gedurende die volgende paar weke het 'n toenemende aantal Liberale Parlementslede openlik geëis dat die premier bedank. Die Liberale koukusse van Ontario, Quebec en Atlantic Canada het formeel gevra dat Trudeau uittree. Die NDP-leier Jagmeet Singh, wat Trudeau se minderheidsregering in staat gestel het om drie wantroue-stemme te

oorleef, het Kanadese beloof dat hy nou sal stem om 'n verkiesing te hou.

Net soos Jean Chrétien voor Tredoux, het gebrek aan vertroue van sy eie politieke party gelei tot Trudeau se besluit om te bedank, eerder as om 'n omstrede leierskapswedloop te trotseer.

**Wat het verander?**

Is die verlies aan vertroue die onvermydelike lot van enige leier wat die amp vir 'n beduidende tydperk beklee? Politici wen dikwels gewildheid en mag wat hulle begeer deur diegene aan te val wié ook al op daardie stadium die magsetel beklee. In teorie waarborg die demokratiese proses die verkiesing van 'n leier wat deur die mense goedgekeur is – iemand wat deur die mense *vertrou* word. Soms word veldtogbeloftes nagekom, wat veroorsaak dat 'n leier se gewildheid gedurende sy of haar eerste paar jaar in die amp toeneem. Menings verander met verloop van tyd, gewildheid is van verbygaande aard en kiesers verloor vertroue, wat daartoe lei dat die mense 'n ander persoon soek om as leier te dien.

Trudeau se saak is interessant omdat die kwessie wat tot sy bedanking gelei het, 'n begrotingskwessie was. Destyds in 2015, tydens sy eerste verkiesingsveldtog as partyleier, het opponente hom uitgekryt as naïef ten opsigte van nasionale begrotings. Trudeau se opposisie het die aandag gevestig op 'n terloopse opmerking wat hy gemaak het, waarin hy gesê het dat “die begroting sal vanself balanseer”. Blykbaar was hierdie filosofie goed genoeg vir drie verkiesings in die loop van tien jaar – 'n lang lewe wat die meeste wêreldleiers afgunstig sou maak. Hierdie selfde filosofie blyk egter nou 'n deurslaggewende rede te wees vir Kanadese se gebrek aan vertroue in hulle eerste minister.

Mededingers in enige verkiesingsiklus het 'n voordeel deurdat hulle nie 'n rekord het in die amp waarvoor hulle hulleself beywer het nie, terwyl die posbekleër 'n rekord het wat ontleed en veroordeel kan word. Baie mense wat probeer om huidige leiers te ontsetel, het een of ander vorm van hierdie argument gebruik: *Is u nou beter daaraan toe as toe hulle die amp aanvaar het?* Heeltemal te veel kiesers beland in die strik om te glo dat die verkiesing van die regte amptenaar ál hulle probleme sal oplos. Dit is 'n natuurlike neiging om na ons eie situasie te kyk in


# PAASFEES (EASTER)

## *Die storie wat nie vertel is nie*

## *Die Waarheid wat verontagsaam is*

*Elke jaar vier belydende Christene 'n vakansiedag wat bekend staan as Paasfees, maar min mense verstaan die ware oorsprong daarvan. Hoe het dit gebeur dat 'n dag wat veronderstel is om Jesus Christus se opstanding uit te beeld, geassosieer geraak het met die naam van die heidense godin, Eostre? Wat is die oorsprong daarvan om die dag met hasies en gekleurde eiers te vier en wat het dit met mekaar te doen? Wat het hierdie dinge te doen met die opstanding van Christus?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

plaas daarvan om te vra: *Wat het ek gedoen om in hierdie situasie te beland – vra, indien ek u kies, hoe sal u dit regstel?*

Dit blyk dat Kanada binne-kort 'n algemene verkiesing gaan hê - een waarin die kiesers 'n nuwe leier sal kies om die nasie te lei. Meningsopnames dui nou daarop dat hierdie leier nie van die Liberale Party van Trudeau sal kom nie, maar heel waarskynlik van die opposisie se Konserwatiewe Party. Watter verskil sal 'n nuwe leier egter maak? Gaan 'n nuwe premier daarin slaag om positiewe, sistematiese veranderings teweeg te bring?

**Voortdurende vertroue**

Wat Kanada, asook elke ander nasie van die wêreld, broodnodig het van sy leiers, is 'n oproep – persoonlik sowel as nasionaal – om hulle te wend tot die Gebooie en beginsels wat deur God in die Bybel uiteengesit word en wat lei tot sukses, oorvloed en sterker verhoudings. Die voortgesette verwerping van hierdie beginsels het ons as 'n kollektiewe samelewing en in baie gevalle as individue, laat wankel.

Die woorde wat in die eerste hoofstuk van Jesaja aangeteken is en wat geskryf is aan 'n volk wat hulle Skepper vergeet het, behoort as 'n sterk vermaning vir Kanada se bevolking, sowel as dié van baie lande regoor die wêreld te dien: "Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee" (Jesaja 1:16-17).

Die Bybel profeteer van 'n tyd wanneer regte beginsels deur 'n eerlike en regverdige regering onderrig sal word. Na Jesus Christus se Wederkoms sal hy die regering saamstel waarmee Hy die mensdom vir 'n duisend jaar sal regeer (Openbaring 20:4). Daardie regering sal eers deur sommige mense met skeptisisme begroet word (Sagaría 14:16-19), maar vertroue sal toeneem namate daardie volmaakte Leier vir die mense Sy volmaakte lewenswyse sal leer – 'n wyse wat nie deur die wispelturige aard van die openbare mening beïnvloed word nie. Mag God daardie dag bespoedig.

# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan 'n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

# Manna uit die hemel

## Deur Simon R. D. Roberts

Terwyl die Tweede Wêreldoorlog gedurende April 1945 in Europa einde se kant toe gestaan het, het burgerlikes in die weste van Nederland, wat steeds onder Duitse besetting was, 'n dreigende humanitêre krisis in die gesig gestaar. Dit was as gevolg van voedselvoorrade wat besig was om al hoe skaarser te raak en die risiko van 'n onvermydelike massa-hongersnood het gedreig. Geallieerde bomwerpervliegtuie het 'n militêre operasie van stapel gestuur om voedsel uit die lug neer te laat om miljoene mense van 'n stadige dood te red. Hierdie operasie, met die naam "Manna", na aanleiding van die wonderbaarlike voeding van die Israeliete wat in die Bybelse boek Exodus beskryf word, het noodsaaklike fisiese voedsel vir die veerkragtige Nederlanders voorsien. As 'n merkwaardige gebeurtenis op daardie stadium, wat kan Operasie Manna ons vandag leer?

**Die einde van die "winter hongersnood"**

Gedurende Mei 1940 het die Duitse weermag Nederland binnegeval en vir die res van die oorlog was die land onder Nazi-besetting. Die Nederlanders het daaraan gewoond geraak om *die Royal Air Force (RAF)* en ander geallieerde bomwerpers hoog bokant hulle in die lugruim te sien vlieg, op pad na teikens in Duitsland, terwyl hulle eie oorlewing al hoe moeiliker geraak het.

Na die D-Dag-inval in Junie 1944 het die Geallieerdes 'n vastrapplek in Frankryk gekry. Duitse magte in Nederland het probeer om Geallieerde magte se opmars te stuit deur doelbewus meer as 2,000 vierkante kilometer (780 vierkante myl) grondgebied in die weste van Nederland te laat oorstroom. Die oorstroming van hierdie gebied – die tuiste van groot stede en kanale, het vervoer ontwrig en het tekorte aan voedsel vererger vir die 4,5 miljoen mense wat in die streek gewoon het.

Die situasie het in die winter van 1944 vererger nadat Duitse magte 'n verbod op voedselversendings ingestel en brandstofvoorrade ernstig beperk het. Die strawwe winter het kanale en riviere laat vries en dit het vervoer nog 'n groter uitdaging gemaak. Gedurende hierdie tydperk, bekend as die Hongerwinter *("Hunger Winter")*, het na raming 20,000 burgerlikes – meestal bejaardes – aan koue, wanvoeding en verwante siektes gesterf. Honderde-duisende burgers het langdurige gesondheidsgevolge gely. Sommige Nederlandse burgers het gras, tulpbolle, suikerbeet en selfs troeteldiere geëet ten einde te oorleef.

Met die einde van die oorlog in Europa in sig, het die toestande in die weste van Nederland al hoe hagliker geraak en Prins Bernhard en die uitgeweke Nederlandse regering het 'n beroep gedoen op die geallieerde leiers, Winston Churchill en Franklin D. Roosevelt, om hulp te verleen. Ten spyte van Duitse weerstand het die Geallieerdes begin voorberei vir 'n humanitêre sending. Die vervoer van voorrade per see was bemoeilik deur die teenwoordigheid van myne in die skeepvaart-roetes en skade wat aan die hawens aangerig is – dus het die Geallieerdes eerder besluit om voedselvoorrade uit die lug neer te laat.

Op 17 April 1945 is *RAF*-lugkommodoor Andrew Geddes, na generaal Dwight D. Eisenhower se hoofkwartier ontbied, waar hy die taak opgelê is om 'n lugbrug vir voedsel te organiseer met behulp van die gekombineerde bronne van *RAF Bomber Command* en die *Amerikaanse Agtste Leër Lugmag*. Daar was egter 'n logistieke uitdaging – *geen valskerms* was beskikbaar vir die lugaflewerings nie. Die lugbemannings – wat ook Australiese, Kanadese, Nieu-Seelandse en Poolse vlieëniers ingesluit het – het ondervinding gehad van hoe om ammunisie vanaf 6,000 meter (20,000 voet) neer te laat, maar vir hierdie sending sou hulle laag moes vlieg – soms so laag as 120 meter (390 voet) – om seker te wees dat die voedsel die grond veilig bereik.

Met die hulp van Nederlandse amptenare is aangewese afleweringsones en landingstroke ingestel en op 29 April 1945 het Operasie Manna 'n aanvang geneem. Op daardie dag het *RAF* Lancaster en Muskietbomwerpers 535 ton voedsel neergelaat. Die operasie is die volgende dag op nog 'n groter skaal uitgevoer, met 1,021 ton voedsel wat op vyf plekke neergelaat is. Tussen 29 April en 8 Mei het die *RAF* en destyds Amerikaanse B-17 *Flying For-tress*-bomwerpers wat Operasie *Chowhound* uitgevoer het, meer as 10,000 ton se voorrade neergelaat.

Die voorrade het bestaan uit basiese voedsel soos meel, eierpoeier en ingemaakte voedsel. Op die grond is dit met behulp van Nederlandse burgers en Duitse soldate gemonitor en versprei deur die gebruik van platboom-skuite en perdekarre. Die sukses van die sending was duidelik uit die reaksie van Nederlandse burgers, wie baie vlae en lakens by die afleweringsones geswaai het om hulle dankbaarheid te betoon.

Op 5 Mei 1945 het Duitse magte in Nederland oorgegee. Die lugaflewerings het kort daarna gestaak en voedsel kon per vragmotor afgelewer word.

**Ware brood uit die hemel**

Die naam "Operasie Manna" is nie lukraak gekies nie. Dit was 'n verwysing na die Bybelse verhaal van die Israeliete se wonderbaarlike onderhouding gedurende hulle 40 jaar van rondswerf in die woestyn. In die boek Exodus word aan ons vertel dat God die Israeliete van "manna" voorsien het en dit het, volgens die Israeliete, gesmaak soos wafels wat met heuning gemaak is.

God het aan Moses gesê: "Ek sal vir jou brood uit die hemel laat reën" (Exodus 16:4). Die manna was 'n noodsaaklike voorsiening van voedsel wat die Israeliete gevoed het terwyl hulle deur die woestyn van die Sinai-skiereiland gereis het. Hulle is daardeur in staat gestel om in 'n andersins onherbergsame omgewing te oorleef.

In die Nuwe Testament het Jesus Christus aan hierdie wonderwerk gedink toe Hy na Homself verwys het as die "brood van die lewe". In die Evangelie van Johannes, nadat Jesus 'n skare van duisende mense bonatuurlik gevoed het, het Jesus Sy wonderwerk gebruik as 'n geleentheid om die mense te onderrig in verband met 'n dieper, geestelike voeding, deur Sy ewige gawes te kontrasteer met die tydelike aard van fisiese voedsel.

Jesus het vir die skare gesê: "Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee" (Johannes 6:27). Hy het toe verder gesê: "Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie" (Johannes 6:35). Jesus het verduidelik dat, net soos die Israeliete manna in die woestyn geëet en oorleef het, diegene wat aan Hom deel het – glo in Sy woorde en Sy leerstellings volg – die gawe van die ewige lewe sal ontvang.

Christus het verklaar: "Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid" (Johannes 6:51). Sy uitspraak verbind Hom aan die manna in die woestyn, maar met 'n selfs groter belofte dat diegene wat op Christus voed – die "brood wat uit die hemel neergedaal het" – die ewige lewe gegee word (Johannes 6:57-58).

Jesus leer ons dat om "te eet" van die brood van die lewe as geestelike voedsel, net so noodsaaklik is soos fisiese voedsel. Net soos wat die Israeliete op die manna moes staatmaak om fisies te oorleef, word Christene geroep om op Christus te "voed", hulle gedagtes te vul met Sy woorde (Psalm 19:14) en om 'n innige, voortdurende verhouding met Hom na te streef (Jeremía 29:13).

Terwyl ons die tagtigste herdenking van *Operasie Manna* nader, het ons 'n geleentheid om na te dink oor die dieper geestelike lesse wat in hierdie verhaal verweef is. Net soos die Nederlandse volk gered is deur die "manna" wat uit die lug geval het, word ons daaraan herinner dat ons ware voeding van die God van die Hemel moet kom. Die "brood van die lewe" wat Jesus bied, wat meer as tydelike verligting bied, is die Bron van die ewige lewe. Ware Christene hou met elke Pasga 'n diens met gedenktekens van die opoffering wat Christus gemaak het om aan Sy mense toegang te gee tot daardie "brood van die lewe". Ons behoort onsself dus af te vra: Voed ons op die "brood"

# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

***Vervolg van vorige bladsy***

wat werklik bevredig? Gee ons voorkeur aan ons verhouding met God, wat aan ons die gawe van die ewige lewe bied?

Die verhaal van Operasie Manna dien as 'n kragtige simbool van hoop. Net soos die Israeliete op manna in die woestyn staatgemaak het, moet ons ook staatmaak op die ware brood uit die hemel vir geestelike voeding. Die ware Evangelie wat Christus byna 2,000 jaar gelede verkondig het, het werklike betekenis vir u lewe, maar ú behoort dit te soek en daarop te voed. Om te ontdek hoe daardie Evangelie u lewe vandag kan verander, bestel gerus 'n gratis eksemplaar aan van ons boekie *Glo u die ware Evangelie?* of lees dit aanlyn by wvm.co.za. WvM

# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

# Die waarheid oor die Christelike Pasga

**Deur Rod McNair**

*Dit is nodig dat u die ware betekenis van die Pasga en die lewensbelangrike verbintenis aan die lewens van Christene vandag, verstaan.*

Vandag beskou meer as twee miljard mense op ons planeet hulleself as Christene en die meeste van hulle vier die vakansiedae wat algemeen geassosieer word met Christenskap – veral Kersfees en Paasfees/*Easter*. Wanneer ons praat van Godsdienstige feeste wat gedurende die lente in die noordelike halfrond gevier word, neem baie mense dadelik aan dat, aangesien die Jode Pasga hou ter herinnering aan hulle verblyf en uittog uit Egipte en diegene wat Christenskap bely, Paasfees/*Easter* vier om die opstanding van hulle Verlosser, Jesus Christus, te herdenk.

Die meeste mense dink vandag dat die Bybelse Heilige Dae – veral die Pasga – "Joods" is. Wat dink u? Is dit waar dat slegs Jode die Pasga hou, terwyl Christene oor die algemeen Paasfees/*Easter* hou? Is dit moontlik dat daar 'n *Christelike* Pasga bestaan? Is dit dalk 'n teenstrydigheid?

Trouens, 'n toenemende aantal mense ontdek egter dat die Bybel iets te sê het oor Christelike dae van aanbidding wat ons nie sou verwag nie. Daar *is* so iets soos 'n Christelike Pasga en dit word duidelik in die bladsye van die Bybel openbaar.

Laat ons die waarheid openbaar deur drie vrae oor die Christelike Pasga te ondersoek, want die antwoorde is dalk nie wat u dink nie.

**Het Jesus die Christelike Pasga onderhou en onderrig?**

Ons bespreking begin deur die *Ou* Testamentiese Pasga aan te spreek. In werklikheid was dit nie net die Jode wat dit onderhou het nie – hulle was net een stam in 'n nasie van mense wat Israeliete genoem is en wat die afstammelinge van die aartsvader Israel was. God het vir die Israeliete hierdie instruksies gegee:

> "Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bodrumpel, aan die huise waarin hulle dit eet. En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet" (Exodus 12:3, 5-8).

God het vir die Israeliete gesê om hulle deurkosyne te merk met bloed van die Pasgalam. Sy engel het by daardie gemerkte huishoudings "verbygegaan" en hulle geen leed aangedoen nie terwyl die eersgeborenes van die Egiptenaars daardie nag van die eerste Pasga gesterf het. Van daardie tyd af is die Pasga gehou as 'n herinnering aan God se verlossing van die Israeliete uit Egipte.

Eeue later vind ons dat Jesus Christus, 'n Israeliet uit die stam van Juda, die Pasga gedurende Sy leeftyd onder-

*Vervolg op bladsy 21*

## Die Werke van Sy Hande

# Ons Bybelse ou aarde

Deur Wallace G. Smith

In ons hedendaagse wêreld lyk dit of die wetenskap en die Bybel voortdurend in stryd is met mekaar en dit is sekerlik waar dat daar vrae ontbreek wat opgelos behoort te word. Baie "teenstrydighede" tussen die wetenskap en die Bybel is egter illusies, wat óf voortspruit uit die wanbegrip van die wetenskaplike data óf as gevolg van die gebrek daaraan om die waarheid van God se Woord te verstaan.

Een voorbeeld is die *ouderdom van die aarde*. Moet Christene altyd in 'n stryd gewikkel wees met die teorieë van betroubare geoloë ten einde die aansprake van die Bybel te aanvaar? Presies hoe oud is die aarde?

Ons kan baie duidelik in die Skrif sien dat die skepping van vandag se plante, diere en mense – Adam en Eva – sowat 6,000 jaar gelede plaasgevind het. Die Bybel voorsien ons van genoeg inligting oor die ouderdomme van die aartsvaders en hulle nageslag dat dit moeilik is om hierdie gevolgtrekking te betwis. In verband met die oorsprong van die mensdom in die Tuin van Eden – byna ses millennia gelede – is God se Woord duidelik.

Net so duidelik kom byna alle betroubare geoloë wat na bewyse van ons planeet se ouderdom kyk, tot die gevolgtrekking dat die aarde al vir 'n *lang tyd* bestaan. "Vra vir enige geoloog hoe oud die aarde is", skryf die Amerikaanse geoloog G. Brent Dalrymple, "en die kans is baie goed dat hy of sy 'n antwoord van baie naby aan 4,54 [miljard jaar] sal verskaf" (*The Age of the Earth*, bl. 305). Hoewel toekomstige ontdekkings hierdie gevolgtrekking kan omverwerp, is 4.5 miljard jare *baie ooreenstemmend* met ander bewyse van die aarde se ouderdom, soos dié wat uit meteoriete en maanmateriaal geneem is.

'n Ouderdom van 6,000 jaar is beslis ver van 4,540,000,000 af!

Diegene wat egter die Bybel in hulle lewens op die proef gestel het, het geleer om dit te vertrou as die Woord van God. Wat sê die Bybel dus *werklik* oor die ouderdom van die aarde? Verbasend genoeg sê dit *baie meer* en *baie minder* as wat baie mense verstaan.

**Ses letterlike dae – maar wanneer?**

Dit is wonderlik en *letterlik* waar "want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik" (Exodus 31:17). Hierdie "skeppingsweek" het byna 6,000 jaar gelede plaasgevind, net soos wat dit in die Skrif aangedui word. Wat baie mense egter nie raaksien nie, is dat die planeet Aarde en die hemele rondom dit, *alreeds bestaan het* aan die begin van daardie week.

Ons lees in die heel *eerste vers* van die Bybel, nog *vóór* die gebeure van daardie week: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Génesis 1:1). Soos ons sal sien, het daardie aanvanklike "begin" van die aarde en die hemele – *voor* Adam en Eva en *voor* die diere en plante waarmee ons bekend is – dalk baie lank gelede plaasgevind!

Let noukeurig op na die tweede vers van Génesis, wat baie mense nie raaklees nie en die duidelike implikasies daarvan miskyk as gevolg van die gewone vertaling: "En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed" (Génesis 1:2). 'n Eenvoudige stelling – maar dit behels veel meer as wat die oog kan sien. Die vertaling van die woorde "*dit was woes en leeg*" is vertaal uit die Hebreeuse woorde *tohu en bohu*. Hierdie twee woorde, wat net drie keer tegelykertyd in die Skrif gebruik word, dui op 'n onbewoonbare woesteny – 'n toestand van verwoesting of vernietiging. Dit is betekenisvol dat die ander twee gedeeltes waar *tohu* en *bohu* saam gebruik word – Jesaja 34:11 en Jeremia 4:23, aandui dat sulke verlate toestande van ruïnes en verwoesting *deur sonde teweeggebring is*.

Verder wys geleerdes

daarop dat die Hebreeuse *hayah* – wat in Génesis 1:2 met "was" vertaal is, ook die idee van "geword het" weergee. Later in Génesis, in die gedeelte wat die vernietiging van Sodom en Gomorra beskryf, lees ons dat Lot se vrou "'n soutpilaar *[hayah]* geword" het (Génesis 19:26). Dit is duidelik dat Lot nie met 'n soutpilaar getrou het nie – sy was nie altyd so nie. Net so kan Génesis 1:2 meer gepas letterlik vertaal word dat "die aarde" 'n verlate woesteny *geword het* – die Hebreeus impliseer nie dat dit in daardie toestand geskep is nie!

**Geskep in skoonheid – nie in chaos nie**

Indien ons hierdie feite saamvoeg, kan ons verstaan dat God sekerlik die hemele en die aarde met buitengewone orde en skoonheid sou geskep het, maar deur een of ander sondige voorval het dit alles verlate en verwoes – geruïneer en onbewoonbaar – geraak en vernuwing was nodig vóór die skepping van die mensdom (vergelyk Psalm 104:30). Inderdaad kan Génesis 1:1-2 akkuraat vertaal word: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Die aarde het 'n woesteny en 'n chaotiese puinhoop geword en duisternis was op die wêreldvloed."

Beskryf die Bybel énige sonde of rebellie teen God, *voor* die skepping van Adam, wat sulke chaos en verwoesting kon veroorsaak het? Ja, dit doen! Die Skrif vertel aan ons wat die duiwel gedoen het *voordat* hy Eva in die tuin van Eden ontmoet het, toe hy haar verlei het om teen God te sondig (Génesis 3:1-5). God se Woord maak dit duidelik dat engele teenwoordig was *voordat* die aarde bestaan het en hulle het van blydskap gejuig toe hulle gesien het hoe die fondament daarvan gelê word (Job 38:6-7). Lucifer – wat Satan die duiwel geword het, het gedurende hierdie tyd bestaan.

Die Skrif beskryf hierdie verdorwe, sondige skepsel wat 'n hoogmoedige engele-rebellie lei (Eségiël 28:12-16; Jesaja 14:12-14). Die Skrif gee te kenne dat dit 'n rebellie was wat moontlik 'n derde van die engele ingesluit het (Openbaring 12:4). Jesaja 14:14 beskryf hierdie trotse wese se begeerte om "bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" om die troon van God vir homself toe te eien, wat impliseer dat sy aangewese verantwoordelikhede onder die wolke en dus op die aarde was! Lucifer het die vrye wil gehad om God te gehoorsaam of om ongehoorsaam te wees en deur te *weier om God se wil uit te voer* het hy Satan geword – 'n teëstander van God.

Satan se rebellie het vernietiging en ondergang gebring, soos dit altyd met sonde die geval is. In hiérdie geval is die aarde verwoes terwyl sy opdrag was om die aarde vir God se doel voor te berei. Dit is hierdie chaotiese vernietigende verwoesting, *tohu* en *bohu*, wat ons kan sien in die woorde van Génesis 1:2 en dit is die wonderbaarlike ses-dae-lange herstel van hierdie planeet, tot 'n toestand van skoonheid en wonder wat geskik is vir God se skepping van die mensdom, waarvan ons in die res van Génesis se eerste hoofstuk lees!

Ons kan dus sien daar is *genoeg* ruimte in die woorde van die Skrif om voorsiening te maak vir 'n baie antieke ouderdom van planeet Aarde. Die Bybel se duidelike beskrywing van die skepping van die mensdom, byna 6,000 jaar gelede, is nie in stryd met die beskrywing van engele se aktiwiteite wat lank voor die gebeurtenis van Génesis 1:2 plaasgevind het nie – terwyl die wêreld aan Lucifer en sy engele toevertrou was vir God se doeleindes, voor die skepping van die mensdom.

Presies hoe lank gelede het dit gebeur? Hoe lank het Satan se rebellie geduur? Het die dinosourusse gedurende daardie tyd bestaan? Was dit miljarde jare gelede – naby aan wetenskaplikes se huidige skatting van 'n 4,5 miljard jaar oue Aarde? Was dit baie later?

Die Bybel swyg oor hierdie besonderhede. Daar is egter geen konflik tussen die woorde van die Skrif en die algemene wetenskaplike waarneming wat betref 'n antieke planeet Aarde nie.

Die wetenskap openbaar waarlik baie verborgenhede wat nog uitgeklaar kan word. Ons behoort egter nooit toe te laat dat die veranderende bevindings van die wetenskap – wat soms heeltemal omvergewerp word met die volgende ontdekking – veroorsaak dat ons twyfel oor wat die onveranderlike God in Sy Woord sê nie. Die bewyse van die geskiedenis en wetenskap, indien dit behoorlik

verstaan word, sal altyd ooreenstem met die Woord van God soos Jesus Christus verklaar: "... u woord is die waarheid" (Johannes 17:17). WvM



# Waar is God se ware Kerk vandag?

**Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende "evangelies" en kan oor tallose leerstellings nie ooreenstem nie.**

**Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar 'n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken!**

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**


***Vervolg vanaf bladsy 19 – Die waarheid oor die Christelike Pasga***

gegaan om dit te onderhou. Trouens, 'n toenemende aantal Christene onderhou vandag dieselfde Bybelse Christelike Pasga.

**Die volgende stappe**

Die antwoorde op ons vrae openbaar die *waarheid* in verband met die Christelike Pasga: Jesus Christus het dit aan Sy dissipels geleer, die apostel Paulus het dit aan heidense Christene geleer en getroue volgelinge het eeue lank ywerig vasgehou aan hierdie leerstelling, ten spyte van intense vervolging.

Wat van u? Heel moontlik het u nog nooit die Nuwe Testamentiese Christelike Pasga oorweeg nie. Dalk het u aangeneem dat die Pasga net Joods is. Dalk is u nog altyd geleer dat Christene Paasfees/ *Easter* behoort te hou.

Dit is nodig dat u dit bestudeer en aan uself bewys. Dit gaan immers oor die lewe en dood van ons Verlosser en ons gehoorsaamheid deur Sy opdragte te volg. Dit gaan selfs oor die vergifnis van ons sondes en ons hoop op die ewige lewe.

Sodra u dit alles deurdink het, sal u dalk belangstel in hoe om self die Christelike Pasga te onderhou. Duisende mense net soos u het tot dieselfde gevolgtrekking gekom en het geleer om hierdie belangrike gebeurtenis elke jaar getrou te onderhou. U kan meer te wete kom deur 'n gratis eksemplaar van ons studiegids *Die Heilige Dae – God se meesterplan*, van die streekskantoor naaste aan u aan te vra. Die lys van kantore verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif. U kan dit ook aanlyn lees by wvm.co.za.

Indien u vrae het wat u persoonlik wil vra, sal verteenwoordigers van die Lewende Kerk van God, wat die *Wêreld van Môre* borg, graag met u praat en enige vrae wat u mag hê oor die Christelike Pasga beantwoord. Hierdie fundamentele praktyk van die getroue eerste-eeuse Kerk word steeds onderhou deur diegene wat deesdae in Christus se voetspore wandel. WvM

# Die gebedskontak

## Deur Adam J. West

Die studieveld van neurowetenskap is 'n interessante verkenning van die menslike brein en senuweestelsel. Dit ondersoek die wyse waarby die brein betrokke is by alles wat ons doen, dink, voel, handel, leer en onthou, asook hoe dit met die liggaam kommunikeer. Neurowetenskaplikes bestudeer die ontwikkeling van die brein, die aanpasbaarheid daarvan en wat gebeur wanneer dinge "verkeerd gaan" as gevolg van veroudering, besering of siekte. Die brein is die menslike liggaam se "beheersentrum" en vorm ons fisiese ervarings en optrede. Is daar egter meer aan verbonde as elektriese en chemiese prikkels? Watter dieper konneksies kan ons menslikheid definieer?

Neurowetenskap het interessante biologiese insigte openbaar in hoe die innige persoonlike praktyk van gebed, geestelike aktiwiteit kan beïnvloed. Alhoewel dit fundamenteel 'n geestelike aktiwiteit is, het gebed meetbare effekte op neurologiese funksies. Studies wat funksionele magnetiese resonansieskandering gebruik, toon dat gebed, aktiwiteit in die brein se minder belangrike pariëtale lob kan verminder – 'n area wat geassosieer word met die onderskeid tussen selfbewussyn en bewustheid van ander dinge. Tydens gebed word verhoogde aktiwiteit waargeneem in dele van die frontale lob wat aandag en fokus beheer, soortgelyk aan wat gebeur tydens ander take wat intensiewe konsentrasie vereis ("*Religion and the Brain,*" *Psychology Today*, 14 Oktober 2019).

Terwyl die wetenskap die fisiese maniere kan bevestig hoe die brein deur praktyke soos gebed baat vind deur 'n sekere gevoel van verligting te bied, fokus te verbeter en 'n gevoel van konneksie te skep, oortref die ware voordele van gebed tot die *ware God* dit wat wetenskaplik gemeet kan word. Die daad van Christelike gebed is doelgerig en voordelig wanneer dit met toewyding uitgevoer word. Dit help om 'n band en verhouding met die God van die heelal te vestig. Dit dien as 'n middel waardeur ons onderwerping toon aan die Een wat alle mense na Sy beeld en gelykenis geskape het (Génesis 1:26).

Meer as die fisiese menslike brein word tydens gebed geoefen, gekalmeer en geherkalibreer; so ook die gees in die mens, die menslike gees wat God aan almal gee wat na Sy beeld gemaak is (Job 32:8; 1 Korinthiërs 2:11). Daar is geestelike voordele wat voortspruit uit die diepgaande verbinding wat gebed verteenwoordig. Terwyl neurowetenskap nie die gees in die mens kan opspoor nie, verklaar die Bybel – die Goddelike en gesaghebbende openbaring van God aan die mens – die bestaan daarvan as 'n feit. Die gees in die mens werk saam met die menslike brein om die menslike *verstand* te genereer en te bemagtig en met daardie verstand *kan* ons met ons Skepper kommunikeer. Daardie kommunikasie vind tydens gebed plaas.

### Die faktor van geloof

Hoe bid 'n mens dan ten einde *antwoorde* te kry? Sulke gebede vereis geloof, nederigheid en 'n duidelike begrip van God se wil. Jesus het in Matthéüs 9:27-30 vir twee blinde mans gesê: "Laat dit vir julle wees volgens julle geloof". In Matthéüs 21:22, herinner Hy ons later daaraan: "... wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo." Hebreërs 11:6 leer ons dat dit God behaag wanneer ons geloof het – egte, lewende geloof wat oorgaan tot dade en opregte gehoorsaamheid (Jakobus 2:20). Sulke geloof is van kardinale belang om antwoorde op ons gebede te ontvang.

Gebed moet ook 'n onderdanige gesindheid wat na God se wil soek weerspieël en nie bloot ons begeertes dikteer nie. Baie mense kry geen antwoorde op hulle gebede nie omdat daardie gebede nie God se begeertes weerspieël nie

(Jakobus 4:2-3). Jesus het vir Sy volgelinge 'n modelgebed gegee om te demonstreer hoe belangrik dit is om God te verheerlik, om Sy leiding te soek, sondes te bely en ander mense te vergewe omdat 'n onvergewensgesinde hart ons gebede verhinder, aangesien die vergifnis wat ons aan ander mense bied, 'n voorwaarde vir God is om ons te hoor (Matthéüs 6:5-15).

God verheug hom daarin om gebede te beantwoord en Sy begeerte is om goeie dinge te gee aan diegene wat Hom ywerig soek (Lukas 12:32). Gebed verander ons en so word ons innerlike daagliks vernuwe (2 Korinthiërs 4:16). Deur getrou, nederig en in ooreenstemming met God se wil te bid, maak ons onsself ontvanklik vir Sy leiding en seëninge.

Die apostel Paulus beveel ons om met 'n ingesteldheid van dankbaarheid te wandel en te "Bid sonder ophou" (1 Thessalonicense 5:17-18). Biddende dankbaarheid kweek nederigheid en verdiep ons verhouding met God. Begin vandag nog om die voordele van gebed te beleef – fisies sowel as geestelik – deur met u Skepper te verenig en Sy leiding te vra en u lewe te lei volgens Sy wil.

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Die waarheid oor die Christelike Pasga*

Nisan gevier het, ongeag die dag van die week waarop dit geval het; terwyl dit in Rome altyd op 'n Sondag onderhou is" ("Pous St. Anicetus," *New-Advent.org*).

Polycarp was 'n direkte dissipel van die apostel Johannes. Anicetus en Polycarp het nie 'n ooreenkoms bereik oor hierdie onderwerp nie en 'n paar dekades later het Victor, 'n ander biskop in Rome, probeer om al die kerke van Klein-Asië te dwing om die onderhouding van die Christelike Pasga op 14 Nisan te laat vaar. Die geskiedskrywer Eusebius het ons geleer dat ware Christene nié onder die druk geswig het nie.

> "Die biskoppe van Asië het, onder leiding van Polycrates, egter besluit om te hou by die ou gebruik wat aan hulle oorgelewer is. Hy het self in 'n brief wat hy aan Victor en die kerk van Rome gerig het, die tradisie uiteengesit wat aan hom oorgelewer is: Ons hou die presiése dag, sonder om iets by te voeg of weg te laat. In Asië het belangrike mense ook aan die slaap geraak [gesterf] ... Tussen hulle was Filippus, een van die twaalf Apostels … verder ook Johannes, wat 'n getuie sowel as 'n leraar was, wat teen die bors van die Here gelê het ... Hulle het almal die Pasga op die veertiende dag, ooreenkomstig die Evangelie gehou en in geen opsig daarvan afgewyk nie in navolging van die reël van die geloof ... Daarop het Victor, wie die leier van die kerk in Rome was, dadelik probeer om die gemeentes van die hele Asië en die kerke wat met hulle saamgestem het, as heterodoks van die gemeenskaplike eenheid af te sny en hy het briewe geskryf en al die broeders daar heeltemal uit die kerk geban *("Church History (Book V)," New Advent.org)*.

Verbasend genoeg het dit nie lank geduur voordat diegene wat die Christelike Pasga onderhou het, uit die kerk as geheel geban is nie, nadat die Raad van Nicea die ware Bybelse onderhouding vervang het met die Paasfees/*Easter* wat deur die Roomse kerk verkies is. Relatief min mense het voortgegaan om die praktyk te volg wat Jesus Christus deur Sy voorbeeld vir hulle geleer het.

Nee, Jesus het nie afstand gedoen van die Pasga nie. Inteendeel – Hy het die Christelike Pasga ingestel en Sy dissipels en ander mense wat Hom gevolg het, het voort-

*Vervolg op bladsy 17*

# Waarom Paasfees Paasfees genoem word

## Deur Roger Meyer

Op die ouderdom van vyf of ses jaar, het ek my moeder gevra: "Waarom word Paasfees Paasfees genoem?" Sy kon my nie 'n antwoord gee nie, al was sy gelowig. Sy was nie die enigste godsdienstige persoon wat gesukkel het om hierdie vraag te beantwoord nie.

Dit was 'n volle tien jaar later toe ek uiteindelik die werklike rede verstaan het waarom Paasfees Paasfees genoem word. *The Catholic Encyclopedia* erken dat die Engelse woord *Easter* verwant is aan Estre, 'n Germaanse godin van die opkomende lig van die dag en lente" ("Easter," *NewAdvent.org*). Dit was vir my skokkend om dit uit te vind! Hierdie "Christelike" vakansiedag is vernoem na 'n *heidense* godin?

Die artikel gaan voort: "Paasfees is die belangrikste fees van die kerklike jaar ... Die Apostoliese Vaders noem dit nie en die feit dat ons die eerste keer daarvan hoor, hoofsaaklik deur die twispunt van die Quartodecimans, is bloot toevallig". Nog 'n skok – Paasfees was nooit eers deur die Apostels genoem nie en ongehoord totdat 'n twispunt plaasgevind het lank nadat die Apostels gesterf het?

Die *Katolieke Ensiklopedie* gaan voort, "het die Roomse Kerk aanspraak gemaak op die nakoming van hierdie viering op grond van die gesag van Petrus en Paulus." Wag 'n bietjie! Ons lees net dat die Apostoliese Vaders nie Paasfees noem nie, maar tog word die apostels Petrus en Paulus as die gesag vir die onderhouding daarvan geëis? Nie net is Paasfees die naam van 'n heidense godin nie, maar Jesus se oorspronklike Apostels het dit nooit genoem in al die jare waartydens hulle die Kerk gelei het nadat Hy na die Hemel opgevaar het nie.

Die Quartodeciman-twispunt het nie plaasgevind tot omstreeks 155 n.C. nie – Polycarp, 'n biskop van Smirna wat deur die apostel Johannes onderrig is, het met Anicetus, 'n biskop van Rome, met betrekking tot die onderhouding en datum van die Pasga gestry. Dit is deur sommige mense verwerp ten gunste van die viering van die opstanding. Dekades later het Polycrates, biskop van Éfese – wat deur Polycarp onderrig is – na bewering oor dieselfde saak met Victor, biskop van Rome, getwis. Nog later, in 325 n.C., het die Romeinse keiser Konstantyn (wat van 306 tot 337 n.C. regeer het) die Eerste raadsvergadering van Nicea byeengeroep. Ná hierdie byeenkoms het hy 'n hewige vervolging gelas van diegene wat voortgegaan het om die Christelike Pasga op die veertiende dag van die eerste maand te onderhou.

**Die opdrag wat Jesus gegee het**

Ek onthou hoe beïndruk my hoërskool geskiedenis-onderwyseres was deur keiser Konstantyn. Sy het gedink hy was wonderlik om "al die heidene in die Christendom in te bring". In werklikheid was Konstantyn eintlik 'n son-aanbidder, wat op sy sterfbed "gedoop" was en slegs heidene "bekeer" het deur Christelike etikette op hulle onbybelse gebruike en vierings te plaas.

Wat betref Paaseiers, erken die *Catholic Encyclopedia* byvoorbeeld dat "hierdie gebruik sy oorsprong in die heidendom mag hê, aangesien 'n hele aantal heidense gebruike, wat die terugkeer van die lente vier, na Paasfees neig". In verband met die paashaas erken die *Catholic Encyclopedia* dat "die haas 'n heidense simbool is en nog altyd 'n embleem van vrugbaarheid was". Die haas was die simbool van die fees van Eostre, die heidense godin van vrugbaarheid. Die Christendom het "die viering in die Paasfees-seremonies aangeneem", wat baie ander heidense Eostre gewoontes ingesluit het.

Wat behoort ons dan te onderhou?

Jesus, die Paaslam van God (Johannes 1:29; 1 Korinthiërs 5:7), het voor Sy kruisiging 'n laaste maaltyd

*Vervolg op bladsy 22*

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Johannes 2:3-6).

Johannes het beslis die noodsaaklikheid van God se liefde beklemtoon, maar *nooit* het hy of enige ander skrywer van die Skrif, ons onderrig dat hierdie liefde die Wet van God vervang, afskaf of ongeldig maak nie. Johannes wat een van Jesus se dissipels en Sy goeie vriend was, het duidelik gesê dat iemand wat waarlik die liefde van God het, die *Gebooie* van God sal onderhou: "En dit is liefde, dat ons wandel volgens sy gebooie" (2 Johannes 5-6).

Die tyd is naby wanneer die hele wêreld wat deur Jesus Christus regeer sal word, sal verstaan en waardeer watter ongelooflike seën die Wet van God werklik is. 'n Glorieryke wêreld van vrede en harmonie sal voortspruit uit die onderhouding van God se Wet (Jesaja 2:2-3). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Die waarheid oor die Christelike Pasga*

hou het. As ons Verlosser het Hy nie slegs aarde toe gekom om die lewe van 'n gehoorsame Jood te leef nie – Hy het ook gekom om vir ons sondes te sterf en Sy Kerk te stig. Hy het dus die aand voordat Hy gesterf het iets baie betekenisvol met Sy dissipels gedeel: Hy het die Nuwe Testamentiese Pasga ingestel, wat ons ook die *Christelike* Pasga kan noem.

In die Evangelie van Lukas lees ons van daardie laaste Pasga wat Christus saam met Sy dissipels gehou het: "En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pasga met julle te eet voordat Ek ly" (Lukas 22:14-15).

Ja, Jesus het die Pasga gehou, wat bestaan het uit 'n maaltyd van geroosterde lam, ongesuurde brood en bitter kruie, in ooreenstemming met die Ou Testamentiese voorskrifte. Hy het egter ook iets nuuts gedoen op daardie aand voor Sy kruisiging – Hy het *nuwe* Pasga-simbole ingestel.

"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: "Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes" (Matthéüs 26:26-28).

Met hierdie twee elemente, die brood en die wyn, sou Jesus die onderhouding van die Pasga vir altyd vir Sy volgelinge verander. Hy het aan hulle verduidelik dat die ongesuurde brood Sy liggaam verteenwoordig, wat gebreek is deur die geseling wat Hy moes verduur voor Sy kruisiging. Die wyn verteenwoordig Sy bloed, wat uit 'n spieswond gevloei het terwyl Hy sterwend aan 'n paal gehang het. As die ware Lam van God wat lank gelede 'n versinnebeelding van die letterlike Lam van die Ou-Testamentiese Pasga was, het Hy Sy lewe gegee vir die redding van die hele mensdom. Die simbole wat Hy vir die onderhouding van die Pasga ingestel het, het geweldige asook ingrypende betekenis vir die toekoms van elke mens.

**'n Voorbeeld om na te volg**

Voordat ons verder gaan, behoort ons daarop te let dat die Pasgabrood nie op geheimsinnige wyse, Christus se *letterlike* liggaam word nie en die wyn word ook nie op wonderbaarlike wyse Sy *letterlike* bloed nie. Albei was simbole wat Sy gebroke liggaam en gestorte bloed *verteenwoordig* – simbole wat geweldig betekenisvol is.

Laat ons ook let op iets anders wat Christus daardie aand ingestel het: "Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan, van die maaltyd opgestaan en sy boklere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. Daarna het Hy

*Vervolg op bladsy 24*

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Die doel van die lewe*

5:19-21).

Beteken dit dan dat ons *nooit* kan dink soos God dink nie? Laat Paulus vir ons die antwoord gee: "... maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God" (1 Korinthiërs 2:9-10). Paulus gaan voort om die verskil tussen die brein van diere en die menslike verstand te verduidelik. "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het" (verse 11-12).

Die gees in die mens bemagtig die menslike brein ver bo dié van diere, maar sonder die Gees van God wat in ons woon, kan ons nie die dinge van God beter verstaan as wat my hond Markus wiskunde sou kon verstaan nie. Om ten volle na die beeld en gelykenis van God gemaak te wees en om te dink soos God dink, moet hierdie twee geeste verenig. "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God ... Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word" (Romeine 8:14-17).

*Nou toe nou* – ons is "kinders van God ... erfgename van God en mede-erfgename van Christus". *Dit is nou* 'n doel wat die moeite werd is om voor te leef! WvM

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Waarom Paasfees Paasfees genoem word*

saam met Sy dissipels gehad. Hierdie maaltyd het op die aand van 14 Nisan plaasgevind, in die eerste maand van die Hebreeuse kalender – die Bybelse datum van die Pasga (Levitikus 23:5; Lukas 22:15). Jesus het Sy dissipels se voete gewas en hulle geleer om "mekaar se voete te was" (Johannes 13:14). Hy het *nie* gepraat oor die nakoming van heidense Paasfees gewoontes nie.

In plaas daarvan het Hy spesifieke instruksies gegee oor die onderhouding van die Pasga met nuwe simbole van brood en wyn (Matthéüs 26:26-27). Die ongesuurde brood simboliseer Christus se liggaam, wat vir ons gebreek is, en die wyn simboliseer Sy bloed, gestort vir die vergewing van ons sondes. Om meer te leer, lees gerus die artikel: "Die waarheid oor die Christelike Pasga" elders in hierdie uitgawe. Diegene wat na die Christenskap van die Bybel soek, behoort Jesus se eie voorbeeld en opdrag in ag te neem – en dan daarvolgens op te tree.

Indien u meer te wete wil kom oor die Heilige Dae se onderhoudings wat deur die Almagtige God beveel is – wat deur Jesus Christus se Apostels onderhou is en tot vandag toe deur Sy ware volgelinge onderhou word – vra gratis kopieë van *Paasfees: Die storie wat nie vertel is nie* en *Die Heilige Dae – God se meesterplan*, of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. WvM

# Vrae & Antwoorde

## Kan daar werklik liefde sónder wet wees?

**Vraag:** Die apostel Paulus sê dat "liefde die vervulling van die wet" is (Romeine 13:10). Beteken sy stelling dat ons nie die Tien Gebooie hoef te onderhou indien ons liefde het nie?

**Antwoord:** Die "liefde" waarvan Paulus skryf is nie 'n sentimentele gevoel van menslike oorsprong nie – hy verduidelik dat dit die ware *liefde van God* is wat deur die Heilige Gees aan ons verstand oorgedra word (Romeine 5:5; Galásiërs 5:22). Dit is die liefde wat 'n mens in staat stel om die Tien Gebooie te onderhou – oftewel te *vervul*. Presies hoé vervul God se liefde dan Sy Gebooie?

Jesus Christus het die voorbeeld gestel wat alle Christene behoort te volg (1 Petrus 2:21). Hy het Sy Vader se Gebooie onderhou en Hy het ander mense onderrig om dit te onderhou (Johannes 14:15; 15:10; Matthéüs 19:16-19).

Jesus het die Tien Gebooie opgesom as die uitdrukking van liefde vir God en ons medemens (Matthéüs 22:35-40). Die eerste vier Gebooie dui vir ons aan hoe om God lief te hê en die laaste ses Gebooie dui vir ons aan hoe om ons naaste lief te hê. Aangesien die apostel Johannes vir ons sê dat die mees fundamentele eienskap van God se natuur en karakter "liefde" is (1 Johannes 4:8, 16), is die Tien Gebooie dus uitdrukkings van die Allerhoogste Wetgewer se Goddelike liefde, omdat dit Sy ware karakter weerspieël, wat opgesom word deur liefde. Hierdie liefde is nie 'n vorm van menslik bedinkte liefde nie, maar is eerder die ware, Goddelike liefde wat direk van God af kom deur Sy Heilige Gees (Romeine 5:5).

Aangesien God liefde is, wys Jesus daarop dat die geestelike bedoeling en doelwit van God se Wet, liefde is. Die Goddelike liefde van God, waaraan ware Christene deur Sy Heilige Gees deel kan hê, word uitgedruk binne die uitvoering van Sy Wet – die Tien Gebooie. Dit is gemanifesteer in verering en aanbidding van God en in getroue gehoorsaamheid aan Hom, sowel as in uitgaande besorgdheid, empatie, welwillendheid en diens aan diegene rondom ons. Die liefde van God stel ons in staat om nie net die físiese bedoeling nie, maar ook die gééstelike bedoeling van Sy Wet te vervul.

"Paulus verduidelik: "Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet" (Romeine 13:8-10).

God openbaar dat ons uitdrukking gee aan Sy liefde deur Sy Gebooie te onderhou. Johannes verduidelik eenvoudig hoe God se liefde uitgedruk word en hy definieer daardie liefde soos volg: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:2-3).

### Die Wet definieer liefde

Met dit alles wat uiteengesit is, kan daar moontlik *enige* waarheid hoegenaamd wees in die wydverspreide oortuiging dat "liefde" die Wet van God op so 'n manier vervul dat die onderhouding van die Tien Gebooie nie meer nodig is nie?

Johannes het uitdruklik geskryf dat die antwoord *nee* is:

> "EN hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self

*Vervolg op bladsy 21*

*Vervolg vanaf bladsy 21 – Die waarheid oor die Christelike Pasga*

water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het" (Johannes 13:3).

Hier het Jesus nóg 'n element van die Christelike Pasga ingestel, naamlik om mekaar se voete te was. Jesus het Sy dissipels geleer om hulleself te verootmoedig en mekaar te dien, soos Hy hulle gedien het. Let ook verder op:

> "Toe Hy dan hulle voete gewas en sy bo-klere geneem het, gaan Hy weer aan tafel en sê vir hulle: Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen" (Johannes 13:12-15).

Al drie simbole – die brood, die wyn en die was van voete – is nou deel van 'n nuwe onderhouding wat ons die Nuwe Testamentiese Pasga of Christelike Pasga noem. Christene onderhou deesdae die Pasga met dieselfde simbole wat ons Verlosser ingestel het op die aand voordat Hy gesterf het.

Christus het die belangrikheid van hierdie nuwe onderhouding verduidelik: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:53-54). Weereens nié om Sy *letterlike* liggaam en bloed in te neem nie maar die *simbole* wat Sy offer vir die mensdom verteenwoordig.

Het Jesus dus die Pasga onderhou? *Ja*. Hy het die Pasga van ouds onderhou wat deur die Israeliete onderhou is. Wat selfs meer betekenisvol vir ons is; Hy het ook 'n nuwe Christelike Pasga vir Sy volgelinge ingestel, aan wie Hy gesê het om Sy voorbeeld te volg en te doen soos wat Hy gedoen het.

Namate die Christendom versprei het na Sy dood en opstanding, het baie heidene – mense wat nie van die antieke aartsvader Israel afgestam het nie – saam met die Jode in die Kerk ingekom. Dit bring ons by ons volgende vraag met betrekking tot die Christelike Pasga.

**Was heidene geleer om die Christelike Pasga te onderhou?**

Baie mense glo dat, namate die Kerk gegroei het, het God, om dit so te stel, "toegelaat dat die reëls verander word". Daar word algemeen aanvaar dat, om een of ander rede, die heidene wat in die Kerk gekom het nie dieselfde reëls en wette as Joodse Christene hoef te volg nie. Mense probeer dikwels om die apostel Paulus se geskrifte te gebruik om hierdie veronderstelde "reël-verandering" of "heidense-uitsondering" te demonstreer. Laat ons egter voortgaan met ons bespreking deur te ondersoek wat Paulus *in werklikheid* oor die Christelike Pasga onderrig het.

In Paulus se eerste brief aan die broeders van Korinthe, vind ons 'n heel duidelike gedeelte waar hulle in werklikheid aangaande die Christelike Pasga onderrig is:

> "Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis" (1 Korinthiërs 11:23-25).

Paulus – die apostel van die heidene – beskryf duidelik die onderhouding van die

Christelike Pasga aan 'n gemeente van die Kerk wat bestaan het uit *heidense* lidmate, die Korinthiërs.

Let nou op die volgende vers: "Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (vers 26). Sommige mense beweer dit beteken dat ons die simbole van die brood en wyn verskeie kere per jaar behoort te neem – dalk selfs élke keer wanneer ons bymekaar kom om God te aanbid. Indien ons egter met insig lees, merk ons dat dit *nie* is wat Paulus geskryf het nie. Hy het eenvoudig verduidelik dat, wanneer ons daardie simbole neem, ons die dood van ons Here en Verlosser verkondig – of herdenk – in afwagting op Sy Wederkoms.

Ons gee toe dat dit vol betekenis is. Vir eers herinner dit ons daaraan dat Jesus Christus terugkom na hierdie aarde. Dit is nie moeilik om in te sien dat ons nou daardie tyd nader nie – soos wêreldtoestande aandui, is dit baie naby. Ons behoort egter ook daarop te let dat, soos Paulus verduidelik, die Pasga 'n herdenking is van Christus se dood. Met ander woorde dit is 'n herinnering van Christus se dood. Waarom sou 'n mens 'n herdenking hou op enige dag wat onsself kies? Waarom sou 'n mens dit hou op 'n dag wat verskil van dié dag van die herdenkingsgeleentheid?

In die Verenigde State vier ons Onafhanklikheidsdag op 4 Julie en dit verwys na die ondertekening van die Onafhanklikheidsverklaring in 1776. In Frankryk is Bastilledag ter herdenking van die stormloop van die Bastille op 14 Julie 1789. In Mexiko word 16 September gevier as Onafhanklikheidsdag – die dag toe die Katolieke priester en patriot Miguel Hidalgo sy bekende oproep tot sy gemeentelede gedoen het om in opstand te kom teen die Spaanse Ryk. Elkeen hiervan word herdenk op die datum waarop die oorspronklike geleentheid plaasgevind het. Die meeste ander lande het hulle eie spesifieke kalenderdatums om spesiale geskiedkundige gebeurtenisse te herdenk.

Op 'n kleiner skaal – maar steeds baie belangrik – vier getroude paartjies dikwels hulle huweliksherdenking. Wanneer is dit? Op die datum toe hulle in die huwelik getree het! Byna elke man weet dat sy vrou nie baie gelukkig sou wees indien hy die dag van hulle huweliksherdenking vergeet of voorstel dat hulle dit altyd op enige ander willekeurige datum vier nie.

Waarom sou ons dus dink dat God tevrede sou wees indien ons sou besluit om Christus se Pasga op 'n ander dag te herdenk as wat dit werklik is? Tydsberekening is vir God baie belangrik en die tydsberekening van die Christelike Pasga herinner ons aan die ontsaglike betekenisvolle gebeurtenis wat op daardie dag plaasgevind het – die kruisiging en dood van Jesus Christus aan 'n paal om ons van ons sondes te red.

**Voorbereiding vir die Pasga**

Paulus beskryf selfs verder hoe ons onsself behoort voor te berei om daardie Pasga te onderhou: "Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink" (1 Korinthiërs 11:27-28).

Paulus openbaar dat God omgee vir die wyse waarop Sy mense voorberei vir die Christelike Pasga. Hy verwag van ons om deur selfondersoek daarvoor voor te berei. Dit is nodig dat ons ons lewenswyse eerlik evalueer in die lig van God se Wette en aanwysings terwyl ons deur selfondersoek daarvoor voorberei. Dit is nodig om onsself eerlik te evalueer hoe ons ons lewens leef in die lig van God se Wette en aanwysings. Terwyl ons onsself ondersoek, moet ons die nodigheid aan Christus se offer en God se vergifnis in ons lewens erken.

Weereens, onthou dat Paulus dit alles aan die broeders van Korinthe geskryf het, wie *Grieks* was – nie Joods nie. Hierdie onderhouding van die Pasga was nie net vir die Jode of Israeliete nie – dit was vir *alle* Christene.

Let op Paulus se vermaning: "Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – want ook ons paaslam is vir ons geslag" (1 Korinthiërs 5:7). Wanneer die antieke Israeliete die Pasga gehou het, was dit die

versinnebeelding van die Lam van God wie vir die sondes van die mensdom gesterf het – alhoewel hulle dit nie op daardie tydstip geweet het nie. Paulus skryf: "Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid" (vers 8).

Ons het reeds gesien dat Jesus Christus se eerste dissipels onderrig is om die Christelike Pasga te hou. Nou sien ons dat Paulus, jare na Jesus se dood, vir die heidene die simboliese betekenis van die Pasga geleer en verduidelik het hoe om daarvoor voor te berei. Hoe kan iemand ontken dat die Pasga bedoel was vir *alle* Nuwe Testamentiese Christene om onderhou te word?

Ten spyte hiervan onderhou die meeste mense wat Christenskap bely *nie* die Christelike Pasga nie. Dit bring ons by ons laaste vraag.

**Waarom hou so baie mense eerder Paasfees/*Easter*?**

Ons het reeds gesien dat die Bybel *baie* te sê het oor die Christelike Pasga. Daarenteen, is dit nie opmerklik dat daar nie 'n enkele Bybelse opdrag of gebod is om 'n viering te hou ter herdenking van Christus se opstanding nie?

Asseblief, moenie verkeerd verstaan nie – Jesus Christus se opstanding is lewensbelangrik en noodsaaklik. Trouens, ons baseer ons hoop op die ewige lewe daarop. Ons lees dat "as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon" (Romeine 8:11).

Inderdaad, die opstanding is *uiters* belangrik, maar selfs al deursoek u die Nuwe Testament van begin tot einde sal u géén gebod of opdrag vind om Christus se opstanding met 'n viering of Heilige Dag te herdenk nie. Waarom hou so baie mense dan Paasfees/*Easter*?

Jarelange lesers van hierdie tydskrif weet dat die meeste vakansiedae van vandag se hoofstroom-Christendom 'n blatante heidense oorsprong het. Dit is die geval met Paasfees/*Easter*. Waarom maak dit saak? Ons hoofredakteur, Gerald Weston skryf: "Soos ons gesien het was Istra die antieke godin van vrugbaarheid en liefde ook bekend onder die name Istra, Eostre, Easter, Astárte, Aphrodite, Artemis en Inanna. In die Hebreeuse taal is Astarot die meervoudsvorm van Astárte en ons vind baie verwysings na die aanbidding van Astarot in die Ou Testament, maar nooit in 'n positiewe konteks nie! (Paasfees/*Easter*: Die storie wat nie vertel is nie, hoofstuk 2, beklemtoning bygevoeg). Paasfees/*Easter* hou nie verband met Joodse of Christelike praktyke nie, maar met antieke vrugbaarheidsmites wat gekoppel is en wat verband hou met heidense kulture en vierings.

Indien ons dus in ag neem wat die verband daarvan met antieke heidense tradisies is, waarom hou mense Paasfees/*Easter*? Die geskiedenis openbaar dat, nadat Christus Sy Kerk in die eerste eeu gestig het, ingrypende veranderings deur sommige mense na Sy dood ingebring is. Sodoende het die hoofstroom, sigbare kerk toenemend verskil van die getroue kudde wat by Christus se voorbeeld en leerstellings gehou het. Namate nuwe generasies tot stand gekom het, het die druk om aan te pas by die heidense gebruike rondom hulle geweldig toegeneem – praktyke wat feeste, gebruike en tradisies ingesluit het wat hulle oorsprong gehad het in antieke vrugbaarheidsrites en die heidendom, hoewel nie direkte aanbidding van Ishtar en ander heidense figure nie.

Daarenteen het getroue Christene gehou by die leerstellings van Christus en Sy Apostels en die Pasga op 14 Nisan gevier – die veertiende dag van die eerste maand van die Hebreeuse kalender en hulle het dit gedoen selfs nadat die Roomse kerk in die tweede eeu n.C. 'n vroeë weergawe van Paasfees/*Easter* op 'n Sondag naby die datum van die Pasga begin hou het. In *The Catholic Encyclopedia* word vertel dat "terwyl Anicetus, Pous was, het St. Polycarp – toe reeds op 'n baie hoë ouderdom – met hom kom beraadslaag het (160-162) oor die Pasga-twispunt; Polycarp en ander mense in die Ooste wat die fees op die veertiende van die maand

*Vervolg op bladsy 19*

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Wat het dit met u persoonlike lewe te doen?

Gelukkig gee die Bybel die antwoord, wat alles te doen het met geopolitieke gebeure in die nabye toekoms. "Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge [heersers of koninkryke] waar die vrou [hoerkerk] op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly" (Openbaring 17:9-10). Oor 'n tydperk wat strek van 1,260 jaar sou die groot hoerkerk haar invloed uitoefen oor vyf herlewings van die Romeinse Ryk, gelei deur Justinianus, Karel die Grote, Otto die Grote, Karel V en Napoleon. Dan sou die opkoms van Mussolini en Hitler kom, gevolg deur 'n sewende herlewing wat eers aan die einde van hierdie tydperk tot stand sal kom.

Terwyl 'n groot deel van die Westerse wêreld die opkoms van China vrees, sal die finale herlewing van hierdie Duits-geleide dieremag, saam met die hoervrou wat die dier beheer, die wêreld verras. Bybelprofesie openbaar wat nie in vandag se nuus waargeneem kan word nie. Duitsland sal ook nie alleen wees nie, aangesien dit die rol aanneem wat die Skrif aandui. "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier" (verse 12-13).

Twee gebeurtenisse sal hierdie ekonomiese en reuse militêre mag teweegbring. Die leier van hierdie kombinasie van nasies, bekend as die Dier, sal vergesel word van 'n godsdienstige figuur wat die Bybel "die valse profeet" noem – wat dikwels as die Antichris beskou word. Dit lyk asof godsdiens in die grootste deel van die wêreld aan die afneem is, maar dit sal vinnig verander wanneer hierdie charismatiese, bedrieër wat wonderwerke doen sy verskyning maak.

'n Kragtige ekonomiese en militêre instelling van tydelike verenigde nasies in Europa, tesame met 'n dramatiese toename in godsdienstige entoesiasme, lyk of dit onmoontlik is in vandag se hedendaagse wêreld – maar dit is nie. Hierdie laaste herlewing van die Romeinse Ryk sal die wêreld soos 'n warrelwind oorweldig. Baie mense sal vasgevang word in die geesdrif en sal so mislei word dat hulle teen die ware Jesus Christus sal veg tydens Sy Wederkoms, aangesien hulle mislei is om te glo dat Hy die Antichris is. "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (Openbaring 17:14).

**God se Woord het die antwoorde**

Moenie 'n fout maak nie – ons lewe *nou* in die tyd van die einde. Baie profesieë word nou vervul, maar net die regverdiges sal dit verstaan. Wanneer Daniël gevra is aangaande die dinge wat hy aangeteken het, was vir hom gesê: "Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe. Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die


# Die Dier van Openbaring

***Waarheen lei wêreldgebeure?***

***Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak?***

***Presies wie – of wat – is die DIER?***

***Gaan u sy berugte MERK ontvang?***

***Die ongelooflike ANTWOORDE word hier gegee!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.

goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan" (Daniël 12:9-10).

In plaas van om 'n paar skriftuurlike frases uit konteks aan te haal en daarin te lees wat ons dink ons op die oomblik verstaan, moet ons getrou wees aan God se Woord en vertrou dat wat Hy sê *sal* gebeur. Ons sê dikwels, moenie ons glo net omdat ons iets sê nie – bewys dit aan uself uit die Bybel. Ons hoop u heg waarde aan die hulpbronne wat ons by die *Wêreld van Môre* aanbied om u te help om die Bybel duideliker te verstaan.

Twee van daardie hulpbronne mag veral behulpsaam wees in hierdie tyd van toenemende wêreldspanning. U kan meer te wete kom oor wat om te verwag in die Midde-Ooste in die tye wat voorlê. Bestel ons insiggewende, gratis studiegids *Die Midde-Ooste in Profesie* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za.* U kan meer inligting bekom omtrent die Europese mag van die dier en die vrou wat daarop beheer uitoefen – wat binnekort tot stand sal kom. U kan 'n gratis eksemplaar van *Die Dier van Openbaring bestel* of u kan dit ook aanlyn lees.



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**